

Hoofstuk van die dag: Levitikus 24

> *As iemand ’n medemens beseer, moet aan hom presies dieselfde gedoen word … (vers 19)*

Ons ken hierdie regsbeginsel uit die Nuwe Testament. Jesus verwys daarna in Matt 5:38, waar Hy Eks 21:24 aanhaal: “’n Oog

vir ’n oog en ’n tand vir ’n tand.” Dít wat jou aangedoen is, moet in gelyke mate aan die oortreder gedoen word.
Dit is belangrik om te verstaan dat dit riglyne vir regters was vir wanneer hulle oor ’n gepaste straf moet besluit, sodat die straf en die oortreding in balans is. Dit was nie vir persoonlike vergelding bedoel asof elkeen die reg in eie hande kon neem en die ander in eie munt terugbetaal nie.
Dit is hierdie siening waarteen die Here Jesus standpunt ingeneem het in Matt 5:39. In ons persoonlike lewe mag daar van vergelding en wraak geen sprake wees nie. Jesus vra dat ons mense se woede moet ontlont, nie met erger woede nie, maar met vriendelikheid, behulpsaamheid en saggeaardheid.
Makliker gesê as gedaan? Inderdaad. Maar wie het gesê dis maklik om ’n navolger van Jesus te wees? Dit is waaraan Petrus ons herinner in 1 Pet 2:21-23. Hy het nie teruggeskel of met wraak gedreig nie, maar dit aan God oorgelaat. Ek en jy moet ook.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026